

8 November

Skrifgedeelte: Daniël 3:1-30
Fokusgedeelte: Daniël 3:16-17

Gehoorzaamheid aan God is sterker as intimidasie

Blykbaar het Nebukadnesar gou van sy droom-skok herstel en toe sy eie beeld gemaak. Waar die beeld van sy droom egter net 'n goue kop gehad het, was die beeld wat hy laat maak het heeltemal van goud. Daarmee het hy beide boodskappe van die droom verwerp. Maar hoe pateties! Te midde van al die prag en praal van die inwydingseremonie word die aanbidding met vrees en intimidasie afgedwing. Die “ewige ryk van goud” moet in stand gehou word met dwang en vrees!

Al Nebukadnesar se krag en mag val egter plat voor die doodgewone en konsekwente gehoorzaamheid aan God.

Deur konsekwente gehoorzaamheid plaas ons God op die voorgrond, dié God in Wie ons glo. Dan raak mense op die agtergrond en kry die vyand direk met God te doen. Dis wat in Daniël 3 in die oortreffende trap gebeur. So kry Nebukadnesar, die grootste leier van die grootste wêreldryk van alle eeue – ja, die kop van goud (Dan 2:38) met God te doen. God gee hiermee 'n boodskap vir alle eeue: Die mag van Babel is niks by God nie. God is almagtig en heerlik teenwoordig by sy kinders.

Sing: Psalm 11:1-3

Ds DHP Wijnbeek (Steynsburg)